

PROVINCE OF WESTERN CAPE



PROVINSIE WES-KAAP

# Provincial Gazette

# Provinsiale Koerant

6756

6756

Friday, 4 June 2010

Vrydag, 4 Junie 2010

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

## CONTENTS

## INHOUD

(\*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(\*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
<b>Provincial Notices</b>	
233 City of Cape Town: (Cape Town Administration): Removal of restrictions.....	878
234 Hessequa Municipality: Amendment of the Still Bay regional structure plan.....	878
235 Witzenberg Municipality: Provincial notice Removal of Restriction.....	878
<b>Removal of restrictions in towns</b>	
Applications: .....	879
<b>Tenders:</b>	
Notices.....	884
<b>Local Authorities</b>	
Bitou Local Municipality: Closing of Green Oak Street.....	884
Breede Valley Municipality: Public notice calling for inspec- tion of fourth supplementary.....	885
Breede Valley Municipality: Application for subdivision.....	885
Cape Agulhas Municipality: Application for Consent/ Departure.....	885
Cape Agulhas Municipality: Application for departure.....	885
Cape Agulhas Municipality: Application for subdivision and rezoning.....	886
Cederberg Municipality: Notice of approval.....	886
City of Cape Town: (Helderberg District): Rezoning consent use, departure and approval of site development.....	887
City of Cape Town: (Northern District): Rezoning.....	888
City of Cape Town: (Southern District): Rezoning and depar- ture.....	889
City of Cape Town: (Southern District): Rezoning and depar- ture.....	888
City of Cape Town: (Southern District): Rezoning.....	890
City of Cape Town: (Southern District): Rezoning, departure and Conditional use.....	891
City of Cape Town: (Table Bay District): Removal of restric- tions.....	892

Nr.	Bladsy
<b>Provinsiale Kennisgewings</b>	
233 Stad Kaapstad: (Kaapstad Administrasie) Opheffing van beperkings.....	878
234 Hessequa Munisipaliteit: Wysiging van die Stilbaai Streekstruktuurplan.....	878
235 Witzenberg Munisipaliteit: Wet op opheffing van beperkings.....	878
<b>Opheffing van beperkings in dorpe</b>	
Aansoeke: .....	879
<b>Tenders:</b>	
Kennisgewings: .....	884
<b>Plaaslike Owerhede</b>	
Bitou Plaaslike Munisipaliteit: Sluiting van Green Oakstraat.....	884
Breedevallei Munisipaliteit: Publieke Kennisgewing wat inspeksie van vierde aanvullende.....	885
Breedevallei Munisipaliteit: Aansoek om onderverdeling.....	885
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Aansoek om vergunningsgebruik/ Afwyking.....	885
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Aansoek om Afwyking.....	885
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Aansoek om onderverdeling en hersonering.....	886
Cederberg Munisipaliteit: Kennisgewing vir goedkeuring.....	886
Stad Kaapstad: (Helderberg Streek): Voorgestelde hersonering, gebruikstoetstemming, afwyking.....	887
Stad Kaapstad: (Noordelike Distrik): Hersonering.....	888
Stad Kaapstad: (Suidelike Distrik): Hersonering en afwykings ..	889
Stad Kaapstad: (Suidelike Distrik): Hersonering en afwykings ..	888
Stad Kaapstad: (Suidelike Distrik): Hersonering.....	890
Stad Kaapstad: (Suidelike Distrik): Hersonering, afwykings en Voorwaardelike gebruik.....	891
Stad Kaapstad: (Tafelbaai Distrik): Opheffing van besperkings en onderverdeling.....	892

**PROVINCIAL NOTICES**

The following Provincial Notices are published for general information.

ADV. B. GERBER,  
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,  
Wale Street  
Cape Town.

P.N. 233/2010

4 June 2010

**CITY OF CAPE TOWN**

**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, Farzana Parker, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Remainder Erf 21765, Mitchells Plain and Erf 21762, Mitchells Plain remove conditions 1.B. and 2. B. in Deed of Transfer No. T.38967 of 1981.

P.N. 234/2010

4 June 2010

**HESSEQUA MUNICIPALITY**

**AMENDMENT OF THE STILL BAY REGIONAL STRUCTURE PLAN**

The Competent Authority for the Land Use Planning Ordinance 1985, (Ordinance 15 of 1985), has in terms of section 4(7) of the said Ordinance, amended the Still Bay Regional Structure Plan, on 4 May 2010, by changing the reservation of Erven 1528 and 1529, Stilbay West as indicated on the attached map, from Residential Area to Business.

E17/2/2/AS12 Erven 1528 and 1529, Stilbay West

P.N. 235/2010

4 June 2010

**WITZENBERG MUNICIPALITY**

**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

I, Bulelwa Nkwatani, in my capacity as Deputy Director in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 478, Tulbagh, remove conditions B.(v)(a),(b),(c) and (d) contained in Deed of Transfer No. T 7341 of 2008.

**PROVINSIALE KENNISGEWINGS**

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

ADV. B. GERBER,  
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,  
Waalstraat  
Kaapstad.

P.K.233/2010

4 Junie 2010

**STAD KAAPSTAD**

**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, Farzana Parker, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhedede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Restant Erf 21765, Mitchells Plain en Erf 21762, Mitchells Plain hef voorwaardes 1.B. en 2. B. in Transportakte Nr. T 38967 van 1981, op.

P.K. 234/2010

4 Junie 2010

**HESSEQUA MUNISIPALITEIT**

**WYSIGING VAN DIE STILBAAI STREEKSTRUKTUURPLAN**

Die Bevoegde Gesag vir die administrasie van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, (Ordonnansie 15 van 1985), het, op 4 Mei 2010 die Stilbaai Streekstruktuurplan, ingevolge artikel 4(7) van genoemde Ordonnansie, gewysig deur die gebruiksaanwysing op Erwe 1528 en 1529, Stilbaai-Wes soos by benadering op die bygaande kaart aangedui, vanaf Enkelwoonegebied na Besigheid te verander.

E17/2/2/AS12 Erwe 1528 en 1529, Stilbaai-Wes

P.K. 235/2010

4 Junie 2010

**WITZENBERG MUNISIPALITEIT**

**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, Bulelwa Nkwatani, in my hoedanigheid as Adjunk Direkteur in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhedede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 478, Tulbagh, hef voorwaardes B.(v)(a),(b),(c) en (d) vervat in Transportakte Nr. T 7341 van 2008, op.

**REMOVAL OF RESTRICTIONS IN TOWNS****GEORGE MUNICIPALITY**

NOTICE NO: 025/2010

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967 (ACT 84 OF 1967),  
REZONING AND DEPARTURE (ORDINANCE 15 OF 1985): ERF  
26, UITSIG STREET, HEROLD'S BAY

A: Notice is hereby given in terms of section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Municipal Manager, George Municipality and any enquiries may be directed to the Deputy Director: Planning, Civic Centre, York Street, George.

The application is also open to inspection at the office of the Director, Integrated Environmental Management: Region A, Provincial Government of the Western Cape, at Room 201, 1 Dorp Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Monday to Friday). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-8781 (B Bantom) and Directorate's fax number is (021) 483-3633. Any objections with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the abovementioned Director: Integrated Environmental Management at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, with a copy to the abovementioned Municipal Manager on or before Monday, 12 July 2010 quoting the above Act and the objector's erf number. Please note that no objections by e-mail will be accepted. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

*Applicant:* JAN VROLIJK TOWN PLANNER

*Nature of application:* Removal of restrictive title conditions applicable to Erf 26, Herold's Bay, to enable the owner to rezone the property from Residential Zone I to Residential Zone IV in order to erect a flat with 4 residential units, with the intention to alienate the units to 4 different owners. The building lines are being encroached.

B: Rezoning in terms of Section 17(2)(a) of Ordinance 15 of 1985 from Residential Zone I to Residential Zone IV for 4 flats.

C: Departure in terms of Section 15 of Ordinance 15 of 1985 to allow the following:

1. Relax the street building line from 8m to 0m;
2. Relax the eastern side building line from 4.5m to 0.6m;
3. Relax the rear building line from 4.5m to 1.0m;
4. Relax the western side building line from 4.5m to 0.5m;
5. Increase the coverage from 40% to 91%;
6. Increase the floor factor from 1 to 1.75

DG RAS, ACTING MUNICIPAL MANAGER, Civic Centre, York Street, GEORGE 6530, Tel: (044) 801-9435. Fax: (086) 529-9985. E-mail: keith@george.org.za

**OPHEFFING VAN BEPERKINGS IN DORPE****MUNISIPALITEIT GEORGE**

KENNISGEWING NR: 025/2010

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967 (WET 84 VAN  
1967), HERSONERING EN AFWYKING (ORDONNANSIE 15 VAN  
1985): ERF 26, UITSIGSTRAAT, HEROLDSBAAI

A. Kragtens artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, George Munisipaliteit en enige navrae kan gerig word aan die Adjunk Direkteur Beplanning, Burgersentrum, Yorkstraat, George.

Die aansoek lê ook ter insae by die Kantoor van die Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur: Streek A, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, Kamer 201, Dorpstraat 1, Kaapstad, vanaf 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandag tot Vrydag). Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word by (021) 483-8781 (B Bantom) en die Direktoraat se faksnummer is (021) 483-3633. Enige besware met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die bogenoemde Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad, 8000 met 'n afskrif aan die bogenoemde Munisipale Bestuurder, ingedien word op of voor Maandag, 12 Julie 2010 met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se ernommer. Let asseblief daarop dat geen e-pos besware aanvaar word nie. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

*Aansoeker:* JAN VROLIJK STADSBEPLANNER

*Aard van aansoek:* Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op Erf 26, Heroldsbaai, om die eienaar in staat te stel om die eiendom te hersoneer vanaf Residensiële Sone I na Residensiële Sone IV ten einde 'n woonstel met 4 wooneenhede op te rig, met die oog daarop om die eenhede aan 4 afsonderlike eienaars te vervreem. Die boulyne word ook oorskry.

B: Hersonering in terme van Artikel 17(2)(a) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf Residensiële Sone I na Residensiële Sone IV.

C. Afwyking in terme van Artikel 15 van Ordonnansie 15 van 1985 om die volgende toe te laat:

1. Verslapping van die straat boulyn vanaf 8m na 0m;
2. Verslapping van die oostelike syboullyn vanaf 4.5m na 0.6m;
3. Verslapping van die agtergrens boulyn vanaf 4.5m na 1.0m;
4. Verslapping van die westelike boulyn vanaf 4.5m na 0.5m;
5. Verhoging van die dekking vanaf 40% na 91%;
6. Verhoging van die vloerfaktor vanaf 1 na 1.75

DG RAS, WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER, Burgersentrum Yorkstraat, GEORGE 6530, Tel: (044) 801-9435. Faks: (086) 529-9985. E-pos: keith@george.org.za

## KNYSNA MUNICIPALITY

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)

LAND USE PLANNING ORDINANCE, 1985  
(ORDINANCE 15 OF 1985)

LOCAL GOVERNMENT ACT: MUNICIPAL SYSTEMS, 2000  
(ACT 32 OF 2000)

PROPOSED REMOVAL OF TITLE DEED RESTRICTIONS AND  
REZONING: SEDGEFIELD ERF 285 (35 UIL STREET)

Notice is hereby given in terms of Section 3(6) of the Removal of Restrictions Act and in terms of Section 17 of the Land Use Planning Ordinance 15 of 1985 that the undermentioned application has been received by the Municipal Manager and is open for inspection during office hours at the Municipal Town Planning Offices, 2nd floor, 3 Church Street, Knysna and the Sedgefield municipal offices at Flamingo Street, Sedgefield, as well as the Sedgefield Library. The application is also open to inspection at the office of the Director, Integrated Environmental Management: Region A1, Provincial Government of the Western Cape, at Room 207, Dorp Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Monday-Friday). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-8788 and the Directorate's fax number is (021) 483-3633. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the abovementioned Director: Integrated Environmental Management at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, on or before 5 July 2010, quoting the above Act and the objector's erf number. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

Notice is further given in terms of Section 21(4) of the Local Government Act: Municipal Systems 2000 (Act 32 of 2000) that people who cannot write can approach the Town Planning section during normal office hours at the Municipal Offices where the Secretary will refer you to the responsible official who will assist you in putting your comments or objections in writing.

Objections via e-mail will not be accepted.

*Nature of the application:*

- (i) Removal of restrictive title condition applicable to Erf 285, Sedgefield, to enable the owner to rezone the properties from Single Residential Zone to Business Zone.
- (ii) The rezoning of Sedgefield Erf 285 from "Single Residential" zone to "Business" zone to allow a motor vehicle dealership.

*Applicant:* Marike Vreken Town Planners CC on behalf of GT Robertson Trust, PO Box 2180, KNYSNA 6570

Tel: (044) 382-0420. Fax: (044) 382-0438  
E-mail: marike@vreken.co.za Reference: 285 SED

JB DOUGLAS, MUNICIPAL MANAGER

## KNYSNA MUNISIPALITEIT

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)

ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985  
(ORDONNANSIE 15 VAN 1985)

WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELS,  
2000 (WET 32 VAN 2000)

VOORGESTELDE OPHEFFING VAN TITELAKTE BEPERKINGS  
EN HERSONERING: SEDGEFIELD ERF 285 (UILSTRAAT 35)

Kragtens Artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings en Artikel 17 van Ordonnansie 15 van 1985 word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê gedurende kantoor ure by die munisipale Stadsbeplanningskantore, 2e vloer, Kerkstraat 3, Knysna en die Sedgefield munisipale kantore te Flamingostraat, Sedgefield, sowel as die Sedgefield Biblioteek. Die aansoek lê ook ter insae by die kantoor van die Direkteur, Geïntegreerde Omgewingsbestuur: Streek A1, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, by Kamer 207, Dorpstraat 1, Kaapstad, vanaf 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandag tot Vrydag). Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word aan (021) 483-8788 en die Direktoraat se faksnommer is (021) 483-3633. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die bogenoemde Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad, 8000, ingedien word op of voor 5 Julie 2010, met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se erfnummer. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag nie in ag geneem word nie.

Ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word hiermee verder kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie, die Stadsbeplanningsafdeling kan nader tydens normale kantoor ure waar die Sekretaris u sal verwys na die betrokke amptenaar wat u sal help om u kommentaar of besware op skrif te stel.

Besware per e-pos sal nie aanvaarbaar wees nie.

*Aard van aansoek:*

- (i) Opheffing van beperkende titelvoorwaarde van toepassing op Erf 285, Sedgefield, ten einde die eienaar in staat te stel om die eiendom te hersoneer vanaf Enkelwoonsone tot Sakesone.
- (ii) Die hersonering van Sedgefield Erf 285 vanaf "Enkelwoonsone" na "Besigheidsone" om 'n motorhandelaar saak toe te laat.

*Aansoeker:* Marike Vreken Town Planners CC namens GT Robertson Trust, Posbus 2180, KNYSNA 6570

Tel: (044) 382-0420. Faks: (044) 382-0438  
E-pos: marike@vreken.co.za Verwysing: 285 SED

JB DOUGLAS, MUNISIPALE BESTUURDER

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

## ERF 2495, CORNER OF ROOS AND MOLTEÑO STREET, ONRUS RIVER, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967 (ACT 84 OF 1967), PROPOSED SUBDIVISION AND CONSOLIDATION

Notice is hereby given in terms of Section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Municipal Manager, Overstrand Municipality, and any enquiries may be directed to the Town Planner, Mr H Olivier, PO Box 20, Hermanus, 7200, Tel. No. (028) 313-8900 and Fax No. (028) 313-2093.

Notice is hereby given in terms of Section 24 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that an application has been received for the subdivision of Erf 2495, Onrus River into two portions (Portion A of  $\pm 307\text{m}^2$  and the Remainder of  $\pm 873\text{m}^2$ ) and the consolidation of Portion A with Erf 2479, Onrus River.

The application is also open to inspection at the office of the Director, Integrated Environmental Management: Region B1, Provincial Government of the Western Cape, at Room 601, 1 Dorp Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Monday to Friday). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-3009 and the Directorate's fax number is (021) 483-3098. Any objections, with full reason therefor, should be lodged in writing at the office of the abovementioned Director: Integrated Environmental Management at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, on or before Friday, 16 July 2010, quoting the above Act and the objector's erf number. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

*Applicant:* Plan Active (on behalf of A Franken)

*Nature of application:* Removal of restrictive title conditions applicable to Erf 2495, corner of Roos and Molteno Street, Onrus River to enable the property to be subdivided into two portions (Portion A  $\pm 307\text{m}^2$  and Remainder  $\pm 873\text{m}^2$ ). Portion A will be consolidated with Erf 2479.

Overstrand Municipality, PO Box 20, HERMANUS, 7200. Municipal Notice No. 45/2010

## OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

## ERF 2495, HOEK VAN ROOS EN MOLTENOSTRAAT, ONRUS RIVIER, OVERSTRAND MUNISIPALE AREA: WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967 (WET 84 VAN 1967), VOORGESTELDE ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE

Kragtens Artikel (3)6 van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Overstrand Munisipaliteit en enige navrae kan gerig word aan die Stadsbeplanner, Mnr H Olivier, Posbus 20, Hermanus 7200, (028) 313-8900 en by die faksnommer (028) 313-2093.

Kennis geskied hiermee verder ingevolge Artikel 24 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat 'n aansoek ontvang is vir die onderverdeling van Erf 2495, Onrus Rivier in twee gedeeltes (Gedeelte A van  $\pm 307\text{m}^2$  en Restant  $\pm 873\text{m}^2$ ) en die konsolidasie van Gedeelte A met Erf 2479 Onrus Rivier.

Die aansoek lê ook ter insae by die Kantoor van die Direkteur, Geïntegreerde Omgewingsbestuur: Streek B1, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, by Kamer 601, Dorpstraat 1, Kaapstad, vanaf 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandag tot Vrydag). Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word aan (021) 483-3009 en die Direkoraat se faksnommer is (021) 483-3098. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die bogenoemde Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur, Private Bag X9086, Kaapstad, 8000, ingedien word op of voor Vrydag, 16 Julie 2010 met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se erfnummer. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

*Aansoeker:* Plan Active (namens A Franken)

*Aard van aansoek:* Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op Erf 2495, hoek van Roos en Moltenostraat, Onrus Rivier, om toe te laat dat die eiendom in twee gedeeltes (gedeelte A  $\pm 307\text{m}^2$  en Restant  $\pm 873\text{m}^2$ ) onderverdeel word. Gedeelte A sal met Erf 2479 Onrus Rivier gekonsolideer word.

Overstrand Munisipaliteit, Posbus 20, HERMANUS 7200. Munisipale Kennisgewing Nr. 45/2010

## U-MASIPALA WASE-OVERSTRAND

## ISIZA 2495 KWIKONA YESITALATO 1-ROOS KUNYE NE-MOLTEÑO, E-ONRUS RIVER, E-OVERSTRAND UMTHEHO WOKUSASA IZITHINTELO, 1967 (UMTHEHO 84 KA-1967), ULWAHLULO OLUYILWAYO KUNYE NOKUDITYANISWA

Kunikezwa isaziso, malunga neCandelo 3(6) lalo Mthetho ukhankanywe ngentla, ukuba kuye kwafunyanwa esi Sicelo singezantsi, nokuba kuvulelekile ukuba singeza kuhlolwa kwiOfisi yeManejala kaMasipala wase Overstrand, kwaye nayiphi na imibuzo ingathunyelwa kuMyili weDolophu, Mnu. H Olivier, PO Box 20, Hermanus, 7200 (Kwinombolo Yemfonomfono Engu: (028) 313-8900) (Inombolo Yefeksi (028) 313-2093).

Kunikezwa isaziso malunga neCandelo 24 loMmiselo wokuYilwa kokuSetyenziswa koMhlaba, ka 1985 (Ummiselo 15 ka 1985) ukuba kufunyenwe isicelo sokwahlulwa kwe-Siza 2495, e-Onrus River kwizizephu ezimbini (Isiqephu A esingama  $\pm 307\text{m}^2$  kunye neNtsalela engama  $\pm 873\text{m}^2$ ) kunye nokudityaniswa kweSiqephu A kwi-Siza 2479, e-Onrus River.

ISicelo sikwavulelekile ukuba sihlolwe kwiOfisi yoMlawuli: kuLawulo Olumanyanisiweyo lokusiNgqongileyo: Isixeko B1, kaRhulumente wePhondo leNtshona Koloni, kwiGumbi elingu 601, 1 Dorp Street, eKapa, ukususela ngentsimbi ye-08:00 ukuya kweye-12:30 nango-13:00 ukuya-15:30 (ngoMvulo ukuya kutsho ngoLwesihlanu). Imibuzo eyenziwa ngomnxeba ephathelele kulo M.B.A. ingenziwa ngokutsalela kwa-(021) 483-3009, kwaye ke inombolo yefakisi yeli Candelo loLawulo ngu-(021) 483-3098. Naziphi na iinkaso, ekufuneka zihambe nezizathu ezipheleleyo, kufuneka zingeniswe ngokubhaliweyo kule ofisi ikhankanywe ngentla yoMlawuli kuLawulo Olumanyanisiweyo lokusingqongileyo kwaPrivate Bag X9086, Cape Town, 8000, ngomhla okanye phambi kwango Lwesihlanu 16 Julayi 2010, kuxelwe lo Mthetho ungentla kunye nenombolo yesiza salowo ukhalazayo. Naziphi na izimvo ezithe zafika emva kwalo mhla wokuvala ukhankanyiweyo zisenokungahoywa.

*Umfaki Sicelo:* Plan Active (egameni lika A Franken)

*Uhlobolwesicelo:* Ukususwa kwemiqathango ethintelayo kumabango esiza 2495, kwikona i-Rose neMolteno Street, eHermanus, ukuze zohlulwe kubini (Isiqingatha A:  $\pm 307\text{m}^2$  ze kusale:  $\pm 873\text{m}^2$ ). Isiqingatha A siza kudityaniswa kwisiza 2479.

KwiOfisi zikaMasipala, PO Box 20, HERMANUS, 7200. Inombolo Yesaziso Ka-masipala 45/2010

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

ERVEN 133 & 136, 12 & 10 BEACH ROAD, SANDBAAI, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967 (ACT 84 OF 1967) AND PROPOSED CONSENT USE AND DEPARTURE

Notice is hereby given in terms of Section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Municipal Manager, Overstrand Municipality, and any enquiries may be directed to the Town Planner, Mrs H van der Stoep, PO Box 20, Hermanus, 7200, Tel. No. (028) 313-8900 and Fax No. (028) 313-2093.

Notice is hereby further given in terms of Section 4.7 of the Section 8 Zoning Scheme Regulations of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that an application has been received for a consent use for the establishment of an additional dwelling on the properties concerned.

Notice is hereby also given in terms of Section 15 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that an application has been received for a departure from the relevant Scheme Regulation for a relaxation of the lateral building line from 2m to 0m.

The application is also open to inspection at the office of the Director, Integrated Environmental Management: Region B1, Provincial Government of the Western Cape, at Room 601, 1 Dorp Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Monday to Friday). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-4033 and the Directorate's fax number is (021) 483-3098. Any objections, with full reason therefor, should be lodged in writing at the office of the abovementioned Director: Integrated Environmental Management at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, on or before Friday, 16 July 2010, quoting the above Act and the objector's erf number. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

*Applicant:* WRAP (on behalf of B Clark Brown)

*Nature of application:* Removal of restrictive title conditions applicable to Erven 133, 12 Beach Road and Erf 136, 10 Beach Road, Sandbaai, to enable the owner to develop a second dwelling ("granny flat") on Erven 133 & 136.

Overstrand Municipality, PO Box 20, HERMANUS 7200

Municipal Notice No. 44/2010

## OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

ERWE 133 & 136, KUSWEG 10 & 12, SANDBAAI, OVERSTRAND MUNISIPALE AREA: WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967 (WET 84 VAN 1967) EN VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING

Kragtens Artikel (3)6 van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Overstrand Munisipaliteit en enige navrae kan gerig word aan die Senior Stadsbeplanner, Mev H van der Stoep, Posbus 20, Hermanus 7200, (028) 313-8900 en by die faksnommer (028) 313-2093.

Kennis geskied hiermee verder ingevolge Artikel 4.7 van die Artikel 8 Soneringskema-regulasies van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat 'n aansoek ontvang is vir 'n vergunningsgebruik ten einde 'n addisionele wooneenheid op die betrokke eiendomme op te rig.

Kennis geskied hiermee ook ingevolge Artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat 'n aansoek ontvang is vir 'n afwyking van die relevante Skema-regulasies ten einde die syboullyn te verslap vanaf 2m na 0m.

Die aansoek lê ook ter insae by die Kantoor van die Direkteur, Geïntegreerde Omgewingsbestuur: Streek B1, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, by Kamer 601, Dorpstraat 1, Kaapstad, vanaf 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandag tot Vrydag). Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word aan (021) 483-4033 en die Direkoraat se faksnommer is (021) 483-3098. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die bogenoemde Direkteur: Geïntegreerde Omgewingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad, 8000, ingedien word op of voor Vrydag, 16 Julie 2010 met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se erfnommer. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

*Aansoeker:* WRAP (namens B Clark Brown)

*Aard van aansoek:* Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op Erf 133, Kusweg 12, en Erf 136, Kusweg 10, Sandbaai, ten einde die eienaar in staat te stel om 'n tweede woning ("ouma woonstel") op Erwe 133 en 136 te ontwikkel.

Overstrand Munisipaliteit, Posbus 20, HERMANUS 7200

Munisipale Kennisgewing Nr. 44/2010

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

ISIZA 133 & 136, 12 & 10 KWISITALATO I-BEACH, SANDBAAI, UMMANDLA KAMASIPALA WASE-OVERSTRAND: UMTHEMHO WOKUSUSWA KWEZITHINTELO, 1967 (UMTHEMHO 84 KA 1967) KUNYE NELUNGELO ELIYILWAYO KUNYE NESINDULULO

Kunikezwa isaziso, malunga neCandelo 3(6) lalo Mthetho ukhankanywe ngentla, ukuba kuye kwafunyanwa esi Sicelo singezantsi, nokuba kuvulelekile ukuba singeza kuhlola kwiOfisi yeManejala kaMasipala wase Overstrand, kwaye nayiphi na imibuzo ingathunyelwa kuMyili weDolophu, Nkosikazi H van der Stoep, PO Box 20, Hermanus, 7200 (Kwinombolo Yemfonomfono Engu: (028) 313-8900) (Inombolo Yefeksi (028) 313-2093).

Kunikezwa isaziso malunga neCandelo 4.7 le-Mimiselo yoLungiselelo Lokwahlula ngemimandla voMmiselo wokuYilwa kokuSetyenziswa koMhlaba, ka 1985 (Ummiselo 15 ka 1985) ukuba kufunyenwe isicelo selungelo lokuceba ukusebenzisa iziza ezichaphazelekayo ukumisa igxamesi lokongezelela.

Kukwanikezwa isaziso malunga ne-Candelo 15 loMmiselo wokuYilwa kokuSetyenziswa koMhlaba, 1985 (Ummiselo 15 ka 1985) ukuba kufunyenwe isicelo sokunduluka kuLu ngiselelo loMmiselo olunxulumene nomda wokwakha ukusuka ku 2m ukuya ku 0m.

ISicelo sikwavulelekile ukuba sihlolwe kwiOfisi yoMlawuli: kuLawulo Olumanyanisiweyo lokusiNggongileyo: Isixeko B1, kaRhulumente wePhondo leNtshona Koloni, kwiGumbi elingu-601, 1 Dorp Street, eKapa, ukususela ngentsimbi ye-08:00 ukuya kweye-12:30 nango-13:00 ukuya-15:30 (ngoMvulo ukuya kutsho ngoLwesihlanu). Imibuzo eyenziwa ngomnxeba ephathelele kulo MBA ingenziwa ngokutsalela kwa-(021) 483-4033, kwaye ke inombolo yefaksi yeli Candelo loLawulo ngu-(021) 483-3098. Naziphi na iinkcaso, ekufuneka zihambe nezizathu ezipheleleyo, kufuneka zingeniswe ngokubaliwe yo kule ofisi ikhankanywe ngentla yoMlawuli kuLawulo Olumanyanisiweyo lokusingqongileyo kwaPrivate Bag X9086, Cape Town, 8000, ngomhla okanye phambi kwango Lwesihlanu, 16 Julayi 2010, kuxelwe lo Mthetho ungentla kunye nenombolo yesiza salowo ukhalazayo. Naziphi na izimvo ezithe zafika emva kwalo mhla wokuvala ukhankanyiweyo zisenokungahoywa.

*Umfaki Sicelo:* WRAP (B Clark Brown)

*Uhlobo lwesicelo:* Ukususwa kwemeko ezithintelayo zobunini ezifanelekileyo kwisiza 133, 12 isitalato iBeach, eSandbaai, ukuze umnikazi abenako ukuphuhlisa indawo yesibini yokuhlala ("igxamesi likamakhulu") kwisiza 133 & 136.

Kwiofisi zikaMasipala, PO Box 20, HERMANUS 7200

Inombolo Yesaziso Ka-masipala 44/2010

CITY OF CAPE TOWN (SOUTHERN DISTRICT)  
AMENDMENT OF RESTRICTIVE TITLE CONDITIONS,  
REZONING AND DEPARTURES

- Erf 89085, Cape Town at Clovelly

Notice is hereby given in terms of Section 3(6) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) and Sections 17(2) and 15(2) of the Land Use Planning Ordinance 15 of 1985, that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the District Manager, Department: Planning & Building Development Management, City of Cape Town, Ground Floor (Counter No: 3), 3 Victoria Road, Plumstead. Any enquiries may be directed to Pierre Evard, tel. (021) 710-8132 during normal office hours, Monday to Friday. The application is also open to inspection at the office of the Director, Integrated Environmental Management, Department of Environmental Affairs & Development Planning, Provincial Government of the Western Cape at the Utilitas Building, 1 Dorp Street, Cape Town, weekdays from 08:00-12:30 and 13:00-15:30. Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-4634 and the Directorate's fax number is (021) 483-3098. Any objections and/or comments, with full reasons therefor, must be submitted in writing at both (1) the office of the District Manager, Department: Planning & Building Development Management, City of Cape Town, Private Bag X5, Plumstead, 7801 or faxed to (021) 710-8283 or e-mailed to roger.brice@capetown.gov.za and (2) The Director: Integrated Environmental Management at Private Bag X9086, Cape Town, 8000, on or before the closing date, quoting the above Act and Ordinance, the undermentioned application number, and the objector's erf, phone numbers and address. Objections and comments may also be hand delivered to the abovementioned street addresses by no later than the closing date. If your response is not sent to these addresses and/or fax number, and, as a consequence arrives late, it will be deemed to be invalid. For any further information in this regard, contact Roger Brice, tel. (021) 710-9308, or alternatively via the abovementioned e-mail address. The closing date for objections and comments is Monday, 12 July 2010.

*Applicant:* Willem Bührmann Associates (on behalf of SL McLeod)

*Owner:* SL McLeod

*Application No.:* 141460

*Address:* 106 Clovelly Road, Clovelly

*Nature of applications:*

1. Amendment of restrictive title conditions applicable to Erf 89085, 106 Clovelly Road, Clovelly, to enable the owner to operate a guest house (with six (6) guest suites) from the property.
2. Rezoning of the property from Single Residential to General Residential Use Zone, Sub Zone R4 to permit a guest-house comprising 6 guest suites of which 5 will be selfcatering units, for a maximum of 14 guests and 3 staff. The hosts will reside on the property.
3. Building line departures from Section 60 of the Cape Town Zoning Scheme to permit:
  - The ground floor of the existing dwelling set back 2m from the south-east common boundary in lieu of 4.5m;
  - The ground floor of the existing garage and guest suite set back 2.15m from the Clovelly Road street boundary in lieu of 4.5m;
  - The ground floor of the existing dwelling set back between 1m and 1.8m from the boundary of the unmade street in lieu of 4.5m;
  - The first floor of the existing dwelling set back 2m from the south-east common boundary in lieu of 4.5m;
  - The first floor of the existing garage and guest suite set back 2.15m from the Clovelly Road street boundary in lieu of 4.5m;
  - The first floor of the existing dwelling set back 1.6m from the unmade street in lieu of 4.5m;
  - The second floor (attic) of the existing dwelling set back 2m from the south-east common boundary in lieu of 4.5m;
  - The second floor (attic) of the existing dwelling set back 3m from the boundary of the unmade street in lieu of 4.5m.

ACHMAT EBRAHIM, CITY MANAGER

STAD KAAPSTAD (SUIDELIKE DISTRIK)  
WYSIGING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES,  
HERSONERING & AFWYKINGS

- Erf 89085, Kaapstad te Clovelly

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings, Wet 84 van 1967, en artikels 17(2) en 15(2) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, nr. 15 van 1985, dat onderstaande aansoek ontvang is en ter insae beskikbaar is by die kantoor van die distriksbestuurder, departement: beplanning en bouontwikkelingsbestuur, Stad Kaapstad, Grondverdieping (toonbanknr. 3), Victoriaweg 3, Plumstead 7801. Navrae kan gerig word aan P Evard, tel. (021) 710-8132, gedurende normale kantoorure, Maandag tot Vrydag. Die aansoek is ook ter insae beskikbaar by die kantoor van die direkteur: geïntegreerde omgewingsbestuur, departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning, provinsiale regering van die Wes-Kaap, Utilitas-gebou, Dorpstraat 1, Kaapstad, van 08:00-12:30 en 13:00-5:30 (Maandae tot Vrydae). Telefoniese navrae in die verband kan gerig word aan (021) 483-4634 en die direktoraat se faksnr is (021) 483-3098. Enige besware en/of kommentaar, met volledige redes daarvoor, moet voor of op die sluitingsdatum by sowel (1) die kantoor van die distriksbestuurder, departement: beplanning en bouontwikkelingsbestuur, Stad Kaapstad, Privaat Sak X5, Plumstead 7801, faksnr. (021) 710-8283, Roger.Brice@capetown.gov.za, as (2) die direkteur: geïntegreerde omgewingsbestuur, Privaat Sak X9086, Kaapstad 8000, ingedien word, met vermelding van bogenoemde Wet en Ordonnansie, onderstaande verwysingsnommer en die beswaarmaker se erf- en telefoonnommer en adres. Besware en kommentaar kan ook voor of op die sluitingsdatum per hand by bogenoemde straatadresse afgelewer word. As u reaksie nie na die adresse en/of faksnr gestuur word nie en gevolglik laat ontvang word, sal dit ongeldig geag word. Om nadere inligting, tree asseblief met R Brice, tel. (021) 710-9308, of bogenoemde e-posadres, in verbinding. Die sluitingsdatum vir besware en kommentaar is Maandag 12 Julie 2010.

*Aansoeker:* Willem Bührmann Associates (namens SL McLeod)

*Eienaar:* SL McLeod

*Aansoeknr.:* 141460

*Adres:* Clovellyweg 106, Clovelly

*Aard van aansoek:*

1. Wysiging van beperkende titelvoorwaardes wat op Erf 89085, Clovellyweg 106, Clovelly, van toepassing is, ten einde die eienaar in staat te stel om 'n gastehuis (met ses (6) suites) op die eiendom te bedryf.
2. Hersonerings van die eiendom van enkelresidensiële na algemeen-residensiële gebruiksonne, subsone R4, ten einde 'n gastehuis bestaande uit 6 gastesuites, waarvan 5 selfsorgeenhede sal wees, vir 'n maksimum van 14 gaste en 3 personeellede toe te laat. Die gas-here sal op die eiendom woon.
3. Boulynafwyking van artikel 60 van die Kaapstadse soneringskema om toe te laat:
  - dat die grondverdieping van die bestaande woning 2m in plaas van 4.5m van die suidoostelike gemeenskaplike grens is;
  - dat die grondverdieping van die bestaande motorhuis en gastesuite se inspringsing 2.15m in plaas van 4.5m van die Clovellyweg-straatgrens is;
  - dat die grondverdieping van die bestaande woning se inspringsing 1m en 1.8m in plaas van 4.5m van die grens van die ongemaakte straat is;
  - dat die eerste verdieping van die bestaande woning se inspringsing 2m in plaas van 4.5m van die suidoostelike gemeenskaplike grens is;
  - dat die eerste verdieping van die bestaande motorhuis en gastesuite se inspringsing 2.15m in plaas van 4.5m van die Clovellyweg-straatgrens is;
  - dat die eerste verdieping van die bestaande woning se inspringsing 1.6m in plaas van 4.5m van die ongemaakte straat is;
  - dat die tweede verdieping (dakkamer) van die bestaande woning se inspringsing 2m in plaas van 4.5m van die suidoostelike gemeenskaplike grens is;
  - dat die tweede verdieping (dakkamer) van die bestaande woning se inspringsing 3m in plaas van 4.5m van die grens van die ongemaakte straat is.

ACHMAT EBRAHIM, STADSBEStuurDER

**TENDERS**

**N.B.** Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

**NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES****BITOU LOCAL MUNICIPALITY****CLOSING OF GREEN OAK STREET ADJACENT TO ERVEN  
2299 AND 2239, PLETTENBERG BAY**

Notice is hereby given in terms of Section 137(1) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ord. 20 of 1974) that Green Oak Street, Plettenberg Bay adjacent Erven 2299 and 2239, Plettenberg Bay has now been closed.

Surveyor General reference: S/15987/1 v1 p.215

L.M.R Ngoqo, Municipal Manager, Bitou Local Municipality, Private Bag X1002, PLETTENBERG BAY 6600

*Municipal Notice No.105/2010*

4 June 2010

21903

**BREDE VALLEY MUNICIPALITY****REGULATION 4 ANNEXURE 3****PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF FOURTH  
SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL, FOR THE 2010/2011  
FINANCIAL YEAR**

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) read together with Section 78(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the "Act", that the fourth supplementary valuation roll for the financial years 2010/2011-2011/2012 is open for public inspection at the local municipal offices from 03 June 2010 to 12 July 2010. In addition the supplementary valuation roll and the objection forms are available at website [www.breedevallei.gov.za](http://www.breedevallei.gov.za)

An invitation is hereby made in terms of Section 49(1)(a)(ii) read together with Section 78(2) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the municipal manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the fourth supplementary valuation roll within the abovementioned period. All owners of the properties that are on the supplementary valuation roll will be contacted in writing to the postal address which reflects on the Municipality's data base.

Attention is specifically made in terms of Section 50(2) of the Act that an objection must be in relation to a specific individual property and not against the supplementary valuation roll as such.

The forms for the lodging of an objection are obtainable at the abovementioned information stations. The completed forms must be dropped in the sealed boxes which will be available at the libraries and municipal offices or objections can be submitted electronically to [valuations@breedevallei.gov.za](mailto:valuations@breedevallei.gov.za)

Only objections on the prescribed forms will be considered.

Enquiries: SJ Neethling at (023) 348-2662 during office hours or at email [sneethling@breedevallei.gov.za](mailto:sneethling@breedevallei.gov.za)

AA PAULSE, MUNICIPAL MANAGER

*Notice no. 22/2010*

4 June 2010

21921

**TENDERS**

**L.W.** Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

**KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE****BITOU PLAASLIKE MUNISIPALITEIT****SLUITING VAN GREEN OAK STRAAT, PLETTENBERGBAAI  
AANGRENSEND AAN ERWE 2299 EN 2239,  
PLETTENBERGBAAI**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 137(1) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ord. 20 van 1974) dat 'n gedeelte van Green Oak Straat, Plettenbergbaai aanliggend aan Erwe 2299 en 2239, Plettenbergbaai nou gesluit is.

Landmeter Generaal verwysing: S/15987/1 v1 p.215

L.M.R Ngoqo, Munisipale Bestuurder, Bitou Plaaslike Munisipaliteit, Privaatsak X1002, PLETTENBERGBAAI 6600

*Munisipale Kennisgewing Nr. 105/2010*

4 Junie 2010

21903

**BREDEVALLEI MUNISIPALITEIT****REGULASIE 4 AANHANGSEL 3****PUBLIEKE KENNISGEWING WAT INSPEKSIE VAN VIERDE  
AANVULLENDE WAARDASIEROL AANVRA, VIR DIE 2010/  
2011 BOEKJAAR**

Kennis word hierby in terme van Artikel 49(1)(a)(i) saamgelees met Artikel 78(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet Nr. 6 van 2004) gegee, hierin vernoem as die "Wet", dat die vierde aanvullende waardasierol vir die boekjare 2010/2011-2011/2012 oop is vir publieke inspeksie by die plaaslike munisipale kantore vanaf 03 Junie 2010 tot 12 Julie 2010. Tot toevoeging is die aanvullende waardasierol en die beswaarvorms ook beskikbaar op webbladsy [www.breedevallei.gov.za](http://www.breedevallei.gov.za)

'n Uitnodiging word hierby gemaak in terme van Artikel 49(1)(a)(ii) saamgelees met Artikel 78(2) in die Wet dat enige eienaar van eiendom of ander persoon wat so verlang 'n beswaar by die munisipale bestuurder kan indien vir enige aangeleentheid in die vierde aanvullende waardasierol weergegee of weggelaat binne bogenoemde periode. Die eienaars van hierdie eiendom sal skriftelik van hul vierde aanvullende waardasie (SV4) in kennis gestel word by hul posadres wat tans op die Munisipaliteit se databasis verskyn.

U aandag word spesifiek daarop gevestig dat in terme van Artikel 50(2) van die Wet dat 'n beswaar teen 'n spesifieke individuele eiendom ingedien word, en nie teen die aanvullende waardasierol in sy geheel nie.

Die vorms om 'n beswaar in te dien, is by bogenoemde standplase beskikbaar. Die voltooidde vorms moet in die verseelde busse wat by die biblioteke en munisipale kantore beskikbaar sal wees gegooi word, of besware kan ook elektronies ingedien word by [valuations@breedevallei.gov.za](mailto:valuations@breedevallei.gov.za)

Let asseblief daarop dat daar slegs besware op die voorgeskrewe vorms sal oorweeg word.

Navrae: SJ Neethling by (023) 348-2662 gedurende kantoorure of e-pos [sneethling@breedevallei.gov.za](mailto:sneethling@breedevallei.gov.za)

AA PAULSE, MUNISIPALE BESTUURDER

*Kennisgewing nr. 22/2010*

4 Junie 2010

21921



## BREEDE VALLEY MUNICIPALITY

## APPLICATION FOR SUBDIVISION OF PORTION 46 OF THE FARM BRANDWACHT NO. 187, WORCESTER

NOTICE IS HEREBY GIVEN in terms of Section 24(2)(a) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that an application has been received for the subdivision of the mentioned property (Agriculture Zone I).

Particulars regarding the application are available at the office of the Town Planner, Room 312 (Ms K Fouché) Tel. No. (023) 348-2622, Civic Centre, Baring Street, Worcester.

Written objections, if any, should be lodged in writing with the Municipal Manager, Private Bag X3046, Worcester 6849 and must reach the undersigned on or before (21 working days after placement of notice in press).

AA PAULSE, MUNICIPAL MANAGER

Reference no. 10/3/2/305

4 June 2010

21904

## CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

## APPLICATION FOR SPECIAL CONSENT/DEPARTURE: PORTION 70 OF THE FARM THE POTTEBERG ESTATES NO 516, SWELLENDAM

Notice is hereby given in terms of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance no. 15 of 1985) that Council has received an application for the special consent/departure on Portion 70 of the Farm The Potteberg Estates Nr 516 Swellendam in order to regularise a cellular communication base station for Vodacom and proposed installation for Cell C.

In terms of section 21(4) of the Local Government Act: Municipal Systems, 2000 (Act 32 of 2000) notice is hereby given that persons who can not read or write may request that an employee at any of the reception offices of the Cape Agulhas Municipality assist in the formulation and writing of input, comments or objections.

Further particulars are available for inspection in the office of the undersigned during office hours and written objections, if any, must reach him not later than 6 July 2010.

R STEVENS, MUNICIPAL MANAGER, PO BOX 51, BREDASDORP, 7280

4 June 2010

21905

## CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

## APPLICATION FOR DEPARTURE: ERF 650 NAPIER

Notice is hereby given in terms of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance no. 15 of 1985) that Council has received an application for departure on Erf 650 Napier in order to install a cellular communication base station.

